KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP DONDERDAG 20 SEPTEMBER 2018 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

***MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON THURSDAY, 20 SEPTEMBER 2018 AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP***

**RAADSLEDE**

| | | |
|---|---|---|
| MNR | P J SWART | Uitvoerende Burgemeester |
| ME | Z TONISI | Uitvoerende Onder-Burgemeester |
| MNR | G D BURGER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| ME | M OCTOBER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| MNR | J NIEUWOUDT | Speaker |

**AMPTENARE**

| | |
|---|---|
| Mnr D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr S Stanley | Nms Direkteur: Finansies- en IT Dienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Bestuursdienste |
| Mnr D Wasserman | Nms Direkteur: Infrastruktuurdienste |
| Mnr P Lochner | Nms Bestuurder: Elektrotegniese Dienste |
| Mnr B Hayward | Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr F du Toit | Bestuurder: Boubeheer |
| Mnr O January | Wnde Bestuurder: Sosio-Ekonomiese Dienste |
| Mnr G Prins | Kommunikasie |
| Me T Stone | Divisional Head: Strategic Planning & Administration |
| Me A Jonker | Snr Admin Beampte: Komiteedienste |

1. **OPENING**

Die Burgemeester heet die teenwoordiges welkom en open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATIONS FOR LEAVE***

| | |
|---|---|
| Mnr A Jacobs | Direkteur: Infrastruktuurdienste |
| Mnr H van Biljon | Direkteur: Finansies- en IT Dienste |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Mnr S Cooper | Bestuurder: Elektrotegniese Dienste |

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

23 Julie 2018

***BESLUIT BK144/2018***

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

(i) In verband met die Burgemeester se versoek dat wanneer maandverslae oor 'n twee maande tydperk strek, die Direkteur of Bestuurder wat die verslag opstel, dit in een verslag sal inkorporeer, bedank hy die Direkteure en Bestuurders vir hulle moeite met hul maandverslae.

(ii) Met betrekking tot die verslag wat voorgelê moet word insake ons vakansie dorpe, lê die Burgemeester weereens klem op die belangrikheid van sekere inligting rakende ons oorde, spesifiek klagtes ontvang tydens die vorige vakansie seisoen en versoek hy dat daar 'n volledige verslag in Oktober 2018 aan die Raad voorgelê sal word.

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

6.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

6.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

(i) Die oorhandiging van "Site F" sal later vandag plaasvind.
(ii) Eerskomende naweek is die Elim Blommefees sowel as die 100$^{ste}$ bestaansjaar van die Rangers Rugbyklub.
(iii) Die opening van die buitelig "gym" vind môre plaas.
(iv) Die opening van Napier kliniek deur die Minister van Gesondheid vind plaas op 26 September 2018.
(v) Op die 29ste September 2018 vind 'n "solar challenge" plaas.

7. **VERSLAE**

**Bladsy: Agenda**

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Maandverslae: Julie en Augustus 2018 | **3 - 4** |

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.2.1 | Maandverslae: Julie en Augustus 2018 | **4** |
| 7.2.2 | Verslae: Kantoor van die MB: Julie en Augustus 2018 | **5** |
| 7.2.3 | Heroorweging - BK29/2012: Skoonmaak van erwe binne KAM area | **5 - 7** |
| 7.2.4 | Kwytskelding van affiliasiegelde vir 2018/2019: Sea Hawks | **8** |

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.3.1 | Maandverslae: Julie en Augustus 2018 | **8 - 9** |
| 7.3.2 | Quarterly SCM Implementation and Oversight Report | **9 - 10** |
| 7.3.3 | Annual SCM Implementation and Oversight Report | **10 - 11** |
| 7.3.4 | Beskikbaarstelling van grond vir tuinbou projek | **11** |

8. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

9. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

11. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

12. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUITE**

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op ***bladsy 12***.

13. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

14. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 10:30

---

# 7. VERSLAE

## 7.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / *INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE*

**VERSLAE VAN DIE DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR JULIE EN AUGUSTUS 2018 / *REPORTS FROM THE DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES FOR JULY AND AUGUST 2018***

**DOEL VAN VERSLAG / *PURPOSE OF REPORT***

Oorweging van die maandverslae vanaf die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Julie en Augustus 2018. / *Considering the monthly reports from the Director: Infrastructure Services for July and August 2018.*

**AGTERGROND / *BACKGROUND***

Maandverslae vir Julie en Augustus 2018 word aangeheg op ***bladsy 1 tot 29***. / *Monthly reports for July and August 2018 are attached on **page 1 to 29**.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Julie en Augustus 2018 aanvaar word. / *That the monthly reports from the Director: Infrastructure Services for July and August 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK145/2018***

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 7.2 BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.2.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE VIR JULIE EN AUGUSTUS 2018 / *REPORT FROM THE DIRECTOR: MANAGEMENT SERVICES FOR JULY AND AUGUST 2018*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf die Direkteur: Bestuursdienste vir Julie en Augustus 2018.

**AGTERGROND**

| Verslae word soos volg aangeheg: | | Bladsy / *Page* |
|---|---|---|
| (i) | Publieke Dienste / Public Services | **30 - 48** |
| (ii) | Behuising / *Housing* | **49 - 58** |
| (iii) | Biblioteekdienste / *Library Servic* | **59 - 68** |
| (iv) | Beskermingsdienste / *Protection Services* | **69 - 80** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Direkteur: Bestuursdienste vir Julie en Augustus 2018 aanvaar word.
*That the monthly reports from the Director: Management Services for July and August 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat 'n werkswinkel gereël word vir die 1ste Oktober 2018 waartydens die "Animal Control By-Law" bespreek sal word.

***BESLUIT BK146/2018***

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 7.2.2 VERSLAE UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER VIR JULIE EN AUGUSTUS 2018 *REPORTS FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER FOR JULY AND AUGUST 2018*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir Julie en Augustus 2018.

**AGTERGROND**

| **Verslae word soos volg aangeheg:** | **Bladsy / *Page*** |
|---|---|
| Menslike Ontwikkeling / *Human Development* | **81 - 82** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir Julie en Augustus 2018 aanvaar word.
*That the monthly reports from the office of the Municipal Manager for July and August 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK147/2018***

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 7.2.3 HEROORWEGING - UBK BESLUIT BK29/2012: SKOONMAAK VAN ERWE BINNE KAAP AGULHAS AREA (ALLE WYKE)

**DOEL VAN VERSLAG**

Dat die Raad oorweging skenk om die Uitvoerende Burgemeesterskomitee besluit BK29/2012, geneem op 27 Februarie 2012 te herroep.

**AGTERGROND**

Die skoonmaak van erwe is tans 'n groot probleem aangesien die proses om privaat erwe skoon te laat maak omslagtig is en te lank neem om af te handel.

**Die skoonmaak en skoon hou van erwe word gereguleer deur die volgende wetgewing:**

1. Nasionale Bouregulasies en Bou Standaarde Wet, Wet 103 van 1977.
2. Verordinge om Openbare Oorlaste te Voorkom en te Beheer, 3 Oktober 2005, Buitengewone Provinsiale Gazette, 6303.

**Die Nasionale Bou Regulasies en Bou Standaarde Wet**

In terme van dele F8 en 9, word die volgende gereguleer:

***"F8 WASTE MATERIAL ON SITE***

*(1) Where in the opinion of the local authority, excessive rubble, rubbish, other debris or combustible waste material is allowed to accumulate on a site before or during building operations, it may, by written notice, order the owner of such site to have such rubble, rubbish, other debris or combustible waste material removed within the period specified in such notice.*

*(2) Any owner who fails to comply with such notice shall be guilty of an offence and the local authority may remove the said rubble, rubbish, other debris or combustible waste material from such site and may recover the costs of such removal from the owner.*

***F9 CLEANING OF SITE***

*(1) Any owner or person erecting or demolishing any building shall remove any surplus material and matter arising from such erection or demolition from the site and from any other land or public street or public place affected by such material or matter during or after the completion of such erection or demolition, failing which the local authority may, by written notice, order the owner of such building to have such surplus material and matter removed within a period specified in such notice.*

*(2) Any owner or person who fails to comply with a provision of sub-regulation (1) or a notice served on him in terms thereof, shall be guilty of an offence."*

**<u>Verordinge om Openbare Oorlaste te Voorkom en te Beheer</u>**

Die Verordinge is reeds afgekondig in 2005 en word oorlaste as volg geklasifiseer:

***"Openbare Oorlas"** - enige handeling, versuim of toestand wat aanstootlik is, wat nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid, wat die gewone gemak, gerief, rus of stilte van die publiek wesentlik belemmer of wat die veiligheid van die publiek nadelig raak."*

Artikel 3 (m) [i – v), Verwaarloosde geboue en Grond, van die Verordinge is as volg:

**"*'n geboue of onbeboude grond"*** *wat -*

*(i) so onooglik, aanstootlik of in 'n toestand van verval is dat dit die waardes van ander eiendomme in die omgewing nadelig daardeur geraak word;*
*(ii) 'n tuiste bied vir plakkers of skuiling vir ongewensde elemente;*
*(iii) oorgroei is deur verwaarloosde grasperke, bome, struike of ander geplante of opslag plante groei;*
*(iv) oorstelp is met onooglike papiere, kartone, tuinvullis, bourommel en/of ander afval materiaal, of*
*(v) 'n stortplek vir afvalmateriaal raak.*"

Die wetgewende aspekte gee die Raad die bevoegdheid om dus erwe wat onooglik is daadwerklik aan te spreek.

**Die huidige prosedure aangaande die skoonmaak van erwe is as volg:**

1. Erf word geïdentifiseer deur middel van inspeksies of klagte.
2. Foto's word geneem van die erf en 'n kennisgewing (per geregistreerde pos) word bedien op die eienaar om die nodige regstelling te maak. 'n Lys van kontrakteurs wat erwe kan skoonmaak word ook ingesluit.
3. Die eienaar het dan 14 dae om die nodige regstellings te maak.
4. Na die 14 dae word die erf weer besoek, foto's geneem, en indien die erf nie skoon gemaak is nie, sal kwotasies verkry word om die erf skoon te maak.
5. Opdrag word dan gegee aan die goedkoopste kontrakteur om die erf skoon te maak en word die kontrakteur deur die Raad betaal en die koste van die skoonmaak van die erf word dan op die eienaar van die erf se munisipale rekening gesit.
6. Die erwe moet ten alle tye skoon wees.
7. Die Raad sal die standaarde vir skoonmaak van erf bepaal en neerlê vir die skoonmaak van erwe en sal die volgende van toepassing wees ten opsigte van die skoonmaak proses:

- ‘n strook van 5m aangrensend aan ‘n beboude erf moet tot op grondvlak skoongemaak word;
- alle indringerplante en lang gras moet van die erf verwyder word;
- die oorblywende fynbos mag nie ‘n hoogte van 1.5m oorskry nie;
- alle droë takke en bosse moet verwyder word;
- die standaarde kan van tyd tot tyd aangepas word.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat die Raad die proses vir die skoonmaak van oorgroeide erwe in terme van die Raad se Verordinge goedkeur en aanvaar as volg:

1. Dat die Raad UBK besluit nommer BK29/2012 herroep.
2. Indien die Raad die erf skoonmaak sal die koste daarvan R4 000,00 plus ‘n administrasiefooi van R800,00 wees met ‘n eksallasie van 5% per jaar.
3. Die volgende proses vir die skoonmaak van oorgroeide-/vuil privaat erwe van toepassing sal wees:

   - Erf word geïdentifiseer deur middel van inspeksies of klagte.
   - Foto’s word geneem van die erf en ‘n kennisgewing (per geregistreerde pos of e-pos) word bedien op die eienaar om die nodige regstelling te maak. ‘n Lys van kontrakteurs wat erwe kan skoonmaak word ook ingesluit.
   - Die eienaar het dan 14 dae om die nodige regstellings te maak.
   - Na die 14 dae word die erf weer besoek, foto’s geneem en indien die erf nie skoon gemaak is nie, sal kwotasies verkry word om die erf skoon te maak.
   - Opdrag word dan gegee aan die goedkoopste kontrakteur om die erf skoon te maak en word die kontrakteur deur die Raad betaal en die koste vir die skoonmaak van die erf wordverhaal van die eienaar.
   - Die erwe moet ten alle tye skoon wees.
   - Die volgende minimum vereistes vir die skoonmaak van erwe sal geld:

     - ‘n strook van 5m aangrensend aan ‘n beboude erf moet tot op grondvlak skoongemaak word;
     - alle indringerplante en lang gras moet van die erf verwyder word;
     - die oorblywende fynbos mag nie ‘n hoogte van 1.5m oorskry nie;
     - alle droë takke en bosse moet verwyder word;
     - die standaarde kan van tyd tot tyd aangepas word.

(ii) Dat die prosedure vir die skoonmaak van oorgroeide-/vuil erwe vanaf 1 Oktober 2018 in werking tree.

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die “minimum vereistes”, soos hierbo genoem ook sal geld waar kontrakteurs deur die Munisipaliteit aangestel is om erwe skoon te maak.

***BESLUIT BK148/2018***

(i) Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Kennis word geneem van die Burgemeester se versoek dat daar ook deurlopend aan KAM se eie oorgroeide erwe aandag gegee word.

7.2.4 **KWYTSKELDING VAN AFFILIASIEGELDE VIR 2018/2019: SEA HAWKS, WAENHUISKRANS**

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging vir die kwytskelding van affiliasiegelde van Sea Hawks Rugbyklub.

**AGTERGROND**

'n Skrywe is aan Sea Hawks Rugbyklub gerig op 22 Augustus 2018 waarin hulle versoek was om hul affilliasiegelde vir 2018/2019 te betaal alvorens hulle weer enige van Kaap Agulhas Munisipaliteit se sportfasiliteite kan gebruik.

Die Voorsitter van die klub het 'n versoek aan die Munispale Bestuurder gerig vir die kwytskelding van hierdie gelde aangesien hulle klub tans finansiële probleme ondervind.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

1. Affiliasiegelde : R1 720,00
2. Baan deposito / Breek skade : R 515,00 (reeds R480,00 betaal)

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat Sea Hawks Rubyklub vrygestel word van die affiliasiegelde.
(ii) Dat die baan deposito / breekskade steeds verskuldig sal wees.

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
(ii) Dat die baan deposito / breekskade sowel as die affiliasiegelde betaalbaar sal wees.
(iii) Dat daar in die toekoms gekyk word na die moontlikheid om wel sulke gevalle te akkommodeer.

***BESLUIT BK149/2018***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

## 7.3 FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / FINANCE- AND IT *SERVICES COMMITTEE*

7.3.1 **MAANDVERSLAE: FINANSIES- EN IT DIENSTE VIR JULIE EN AUGUSTUS 2018 / *MONTHLY REPORTS: FINANCE- AND IT SERVICES FOR JULY AND AUGUST 2018***

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir Julie en Augustus 2018.

**AGTERGROND**

Verslae word soos volg aangeheg:

(i) **Kantoor van die Munisipale Bestuurder / *Office of the MM*** **Bladsy / Page**

- Strategiese Dienste / *Strategic Services* **83 - 97**
- Administrasie / *Administration* **98 - 102**
- Stadsbeplanning / *Town Planning* **103 - 107**
- Menslike Hulpbonne / *Human Resources* **108 - 120**

(ii) **Finansiële Dienste en Tesourie / *Finance and Treasury*** **Bladsy / Page**

| | |
|---|---|
| • Financial Management | **121 - 139** |
| • Revenue | **140 - 161** |
| • Expenditure | **162 - 171** |
| • Budget and Treasury | **-** |
| • Supply Chain and Fleet Management | **172 - 212** |
| • Information Communication | **213 - 253** |

Die klem van bespreking insake die finansiële verslae is gefokus op die volgende staande items vir terugvoer / vordering in terme van die langtermyn finansiële plan asook die "Revenue Enhancement" strategiese doelwitte, naamlik:

1. Verbetering van die munisipaliteit se likwiditeit finansiële aanwyser.
2. Verbetering van die munisipaliteit se kontant posisie.
3. Beoogde aanvul van die Kapitaal Vervangingsreserwe (CRR).
4. Spandering- / Begrotingsbeheer ingesluit verwagte inkomste vooruitskatting.
5. Kapitaal besteding vir die jaar-tot-datum enige verwagte uitdagings.
6. Koste besparing maatreëls en monitering daarvan.
7. Afwyking van SCM prosesse en voldoende motivering.
8. Vordering met MSCOA / Nuwe Finansiële Stelsel.

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir Julie en Augustus 2018 aanvaar word. / *That the monthly reports from the department Finance- and IT Services for July and August 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die Munisipale Bestuurder versoek word om met die Morawiese Kerk in verbinding te tree en hulle te versoek om 'n afgevaardigde te stuur sodat reëlings getref kan word aangaande hul agterstallige skuld.

***BESLUIT BK150/2018***

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.2 **QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 30 JUNE 2018 (DFS)**

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the second quarter from **1 April 2018 - 30 June 2018**, in order to strengthen Council's oversight role.

**BACKGROUND**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in March 2017 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

**Committees**

The bid committees are established and are fully functioning according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

***Detailed information regarding the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 June 2018 was already distributed.***

***MANAGEMENT RECOMMENDTION***

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 Junie 2018.

***RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

That Management's recommendation be accepted.

***RESOLUTION BK151/2018***

That the recommendation of the Finance- and IT Services Committee be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

7.3.3 **ANNUAL SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE YEAR ENDED 30 JUNE 2018 (5/27 - DFS)**

**PURPOSE OF REPORT**

The accounting officer must, within 30 days of the end of the financial year, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(2)(a)(i) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the year ending 30 June 2018, in order to strengthen Council's oversight role.

**BACKGROUND**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in May 2018 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

***Detailed information regarding the Implementation and Oversight Report was already distributed.***

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

That Council take note of the Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the year ended 30 June 2018.

***RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

That Management's recommendation be accepted.

***RESOLUTION BK152/2018***

That the recommendation of the Finance- and IT Services Committee be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

7.3.4 **BESKIKBAARSTELLING VAN GROND VIR TUINBOU PROJEK**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die beskikbaarstelling van 'n stuk grond aan lede van die Napier gemeenskap vir 'n tuinbou projek.

**AGTERGROND**

'n Paar lede van die Napier-gemeenskap het die munisipaliteit genader met 'n versoek om grond vir 'n tuinbouprojek beskikbaar te stel digby die Napier Informele Nedersetting. Hulle beoog om 'n "gemeenskapstuin" daar te vestig waarop groente-verbouiing kan plaasvind.

Die ligging van die grond wat hulle voorstel, is volgens die Stadsbeplanningsafdeling nie ge-oormerk vir enige ander gebruik nie (sien ***bladsy 254***). Die vestiging van 'n gemeenskapstuin sal baie verligting vir hierdie verarmde gemeenskap bring. Ons kantoor sal die groep bystaan met opleiding in die vestiging en bedryf van so 'n gemeenskapstuin.

Die Stadsbeplanningsafdeling het ook aangedui dat hulle geen probleem met die vervreemding van die grond vir hierdie doel het nie.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die grond vir die projek beskikbaargestel word.

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling in beginsel aanvaar word.
(ii) Dat daar intussen 'n meer vollediger verslag opgestel en aan die Raad voorgelê word wat onder andere sal insluit die beskikbaarheid van water, hoe groot die projek gaan wees, die geskiktheid van die grond asook kommentare van ander departemente.

***BESLUIT BK153/2018***

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 12. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verant-woordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| BK195/2013 | Oorname van Elim Stortingsterrein (16/5/R) | (i) Met ODM onderhandel word alvorens oordrag plaasvind.<br>(ii) Na 2014/2015 begroting verwys word. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | DSID |
| BK11/2014 | Pad na Suiderstrand (16/3/3/2) | (i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms.<br>(ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel. | ***SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.<br>Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.*** | DSID |
| BK18/2017 | Publieke strate en oopruimtes: Suiderstrand | Dat 'n prokureur aangestel word om die geïdentifiseerde eiendomme aan die munisipaliteit oor te dra in terme van 'n endossement van die gemelde Art 16 van die Wet op Registrasie van Aktes. | ***Wag vir Aktekantoor.*** | BSSB |
| BK218/2017 | Vervreemding (koop): Erf 2789, Struisbaai | Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek en die inwin van 'n markwaarde as residensiële eiendom (in plaas van 'n publieke oop ruimte). | | Eiendoms-administrasie |
| BK221/2017 | Vervreemding (huur): Ged erf 1343, Bredasdorp | Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat die Departement Landbou die dravermoë vir die aanhou van vee kan bepaal. | | Eiendoms-administrasie |
| BK223/2017 | Oorskryding: Ged erf 521, L'Agulhas | (i) Dat die aangeleentheid terugverwys word.<br>(ii) Dat Dept Omgewingsake genader word vir hul insette ten opsigte van die wetlike implikasies.<br>(iii) Dat die aangeleentheid teruggehou word in afwagting op die finale verslag van die Erfenis Beampte van Erfenis, Wes-Kaap. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | Eiendoms-administrasie |
| BK39/2018 | Vervreemding (huur): Erf 390, L'Agulhas | Dat 'n volledige ondersoek aangaande erwe 390 en 608, L'Agulhas uitgevoer word ten opsigte van hul toekomstige ontwikkelingspotensiaal. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | Eiendoms-administrasie |
| BK40/2018 | Vervreemding (huur): Ged erf 1344, Bredasdorp (Lebombokamp) | Dat die aangeleentheid terug verwys word na die LED afdeling vir verdere ondersoek wat ook verslae van Departement Landbou sal insluit. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | Eiendoms-administrasie |
| BK41/2018 | Vervreemding (koop): Erf 663, WHKrans | (i) Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir bespreking en daarna weer aan die Komitee voorgelê word.<br>(ii) Dat die LED afdeling 'n volledige ondersoek oor genoemde erf doen, wat sal insluit die ontwikkeling van 'n moontlike gemeenskapsfasiliteit wat ook besighede insluit. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | Eiendoms-administrasie |
| BK42/2018 | Hersiening: Huurooreenkoms - Kindersorg, Napier | Dat 'n markverwante huurbedrag verkry word en na die Raad verwys word vir oorweging. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | Eiendoms-administrasie |
| BK106/2018 | Betaalpunte: Oop tydens etensuur | (i) Verdere ondersoek gedoen word om betaalpunte tydens etensuur oop te hou.<br>(ii) Dat die ondersoek ook uitgebrei word na die Verkeersafdeling. | ***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.*** | |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

***BESLUIT BK154/2018***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat kennis geneem word dat besluit BK195/2013 afgehandel is.
(iii) Dat 'n dringende gesprek met die Direkteur: Finansies, Bestuurder: Inkomste en die kassiere plaasvind aangaande die oophou van betaalpunte gedurende etenstye.

Hierna gaan die Komitee In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2018**

**BURGEMEESTER** **DATUM:**